

Eer aan Hom nou!

1-6

(n Doksologie)

Net aan God be - hoort die e - re,
krag en mag en ma - jes - teit.
Hy ver - los ons deur ons He - re,
Je - sus in sy Heer - lik - heid.
Eer aan Hom nou, krag - tig-mag - tig,
tot in al - le e - wig - heid!

2 God kan jul behoed, beveilig,
fors van voet in vastigheid.
Hy sal jou behou en heilig,
vreugdevol in vlekloosheid.
**Eer aan Hom nou, kragtig-magtig,
tot in alle ewigheid!**

3 Ons Verlosser, een en enig,
bring jul in sy heerlikheid.
Hy besit die mag vir ewig,
vóór die vroegste dag en tyd.
**Eer aan Hom nou, kragtig-magtig,
tot in alle ewigheid!**

n.a.v. JUDAS: 24-25

Teks: JP Bingle 2012

Melodie: REGENT SQUARE - Henry Smart 1867